

Immanuel Kant

Van ‘willehond’ tot ‘mens’ – Menslike vooruitgang as wêreld’natuur’geskiedenis (Saligsprekinge)

Drie essays:

Beantwoording van die vraag: ‘Wat is “Verligting”?’

Idee van ’n algemene geskiedenis in wêreldburgerlike perspektief

Vermoedelike aanvang van die geskiedenis van die mens

Vertaal, met kommentaar en inleiding
deur Ponti Venter

Kopiereg: Vraagteken Uitgewers / Question Mark Publishers

Outeurs- en vertaalreg: Ponti Venter

Bladuitleg: Colourcode Designs 076 391 7578 www.colourcode.co.za

Kopiereg op omslagontwerp: ZC Venter

ISBN: 978-1-86822-575-7

Potchefstroom

Vraagteken Uitgewers

Question Mark Publishers

2012

VOORWOORD

Die drie geskriffies in hierdie bundel het onder my aandag gekom – meer as twintig jaar gelede - toe ek pas begin het met 'n poging om die agtiende eeu onder die knie te kry en op soek was na kort en eenvoudige uiteensettings van Kant se filosofie deur himself geskryf.

Deel van my genot as dosent was om filosofietekste met student te lees, op 'n ontsluitende wyse. My leermeesters, veral N T van der Merwe, het ons al in ons voorgraadse jare geleer om nie maklik op sekondêre interpretasies te vertrou nie en 'n goeie filosoof te eer deur sy primêre tekste te lees, indien moontlik in die oorspronklike taal. 'n Moeilike eis, uit die tyd toe gehalte darem nog nie dieselfde was as 'time to market' nie.

Taalhindernisse is dikwels ontmoedigend vir die eerste leser, beide ou proffies en jong studente. Kant het in 'n Klassiek-beïnvloede agtiende-eeuse Duits geskrywe: ellelangesinne met bysinne binne bysinne en bitter min paragraafonderbrekings. Dis 'n goeie hermeneutiese beginsel om op jou intellektuele knieë deur die teksduwweltjies in die oorspronklike taal te kruip en só te vertaal dat die jonger leser vat aan die betekenis kan kry. Ek dateer so uit die goeie oue tyd toe ons gedwing is om ander tale te leer lees: 'n verworwenheid wat ek nou graag ten gunste van ander aanwend. Ek is ook bly om te sien dat my kollegas by Frans, Duits, Afrikatale en selfs Latyn weer groot klaskamers begin nodig kry.

Die lees van die drie essays het my beeld van Kant verander, maar ook interessante stof beskikbaar gestel wat goed bruikbaar is om essensiële momente van die Moderne Denke en basiese ideë in die Moderne Westerse kultuur te verduidelik. Daarom het ek ook 'n inleiding geskrywe om die konteks te omlyn en die gedagtes saam te vat. In die kantlyn is handvatsel terme geplaas, sodat die leser makliker kan koershou in Kant se woordestorm. Soos my kennis oor die periode en veral my insigte versterk is, het ek die inleiding bygewerk. Die handvatsel- iiterme is nou ook met omvangryker kommentaar en verwysings uitgebrei. In my eerste getikte weergawe van hierdie tekste sou die kantlynkommentaar in aggremaat kwalik 'n bladsy beslaan het. Toe al het student my verseker dat dit help om houvas te kry op hierdie – in Kantiaanse terme - betreklik eenvoudige tekste. Tans vul die kommentaar 'n goeie 20 bladsye.

Die inleiding en die kommentaar is krities vanuit my eie perspektief. Ek het nogtans probeer om – ten spyte van beide die tyds- en die saaklike afstand tussen my en Kant – my kommentaar te lewer op Kant se eie gedagtes. Ehet dus met alle keurigheid moontlik geles en herles aan Kant en sy omgewing, om tot begronde kritiese kommentaar te kom. My verering van Kant is om hom relevant te bevind, te lees, en moeite te doen met begronde kritiek. Die leser mag gerus my inleiding vir eers ignoreer (die linkeroog toehou om nie die kommentaarkolom te sien nie) en die teks deurwerk.

Ek het reeds twee bekende Duitse filosofe (aanhangers van Kant, waarvan een 'n wêreldfilosoof vandag is) by kongresse woedend gehad omdat ek die naturalistiese Hobbesmoment by Kant uitgelig het en hulle hom juis graag anders wil voorstel: naamlik as 'n goeie vreedsame Humanis. Ek was in staat om die heftige debatte te oorleef sonder om te veel in te boet: wat Kant geskrywe het, hét hy geskrywe.

Soos met ander analitiese werk, weet ek nie presies hoe om hierdie werk te plaas nie. Hoewel filosofie 'n verskeidenheid subdissiplines het, werk hulle almal met eenderse basiese kwessies en is dus nie keurig afgrensbaar nie. 'n Opsomming van die temas mag die leser help om relevansie te bepaal:

1. 'n Historiese ontologie en wysgerige antropologie.
2. 'n Stukkie wetenskapsfilosofie en metodologie.
3. 'n Geskiedenisfilosofie met visie op verlede en toekoms.
4. 'n Kultuurfilosofie.
5. 'n Natuurfilosofie.
6. 'n Filosofie van ekonomie: materiële kultuur (agri-kultuur).
7. 'n Liberale samelewingsfilosofie.
8. 'n Godsdienstilosofie.
9. 'n Vroeë ewolusiefilosofie.
10. 'n Eskatologie.
11. 'n Staatsfilosofie.
12. 'n Regsfilosofie.
13. 'n Moraalfilosofie.
14. 'n Utopie.

Daar is 'n neiging om hierdie dissiplines van die filosofie as aparte terreine te hanteer. Dis waar dat 'n mens kan fokus op die een of die ander, maar dié fokus sal altyd genetwerk wees met al die ander.

Watter temas in hierdie werkies is belangrik vir die hedendaagse leser?

Die werkies verhelder in 'n groot mate wat ons onder 'Modern' moet verstaan, en ook in watter mate ons die aansprake op 'n 'post-Moderne' samelewing mag ernstig neem. Gegee die wêreldwye invloed van die Westerse kultuur in 'n post-koloniale era, bied die drie werkies vir ons hulp met SELF-VERSTAAN en WÊRELDVERSTAAN

Waarom

- het Habermas gepraat van *Moderniteit as 'onvoltooide projek'*;

- Horkheimer die *einde van 'n redelike samelewing* aangekondig;

- Marcuse ons met 'n bitter dilemmatiese *keuse tussen barba-risme en vryheid* gekonfronteer?

Die volgende temas is van groot belang:

1. *'n Meganistiese benadering tot die natuur, die geskiedenis, en tot mens-wees, wat omgekeer word tot bonatuurlike ra-sionaliteit.*
2. *'n Romeins-Machiavelliaanse militaristiese beskouing van 'natuurlikheid', en dus van samelewingsvorming, kultuurvorming, ekonomie, en internasionale verhoudings.*
3. *Die Moderne agenda van kennis gedryf vanuit die Moderne gereduseerde natuuridee en gemik op vooruitgang na vreedsame rasionaliteit.*
4. *Die ewolusie van dier tot mens - al behoorlik vóór Darwin - gedrewe deur 'n militaristiese metaforisering van dierlikheid en menslikheid in 'n sekulêre lewens-en-wêreldbeskouing, wat ons met die vraag laat: is ewolusie (soos tans geformuleer) wél 'n wetenskaplike teorie, of is dit 'n voorwetenskaplike metafisiese beskouing?*
5. *Hoe naby is hedendaagse politieke praktyke, handelspraktyke, bestuurspraktyke, internasionale verhoudings, aan vroeg-Moderne*

Hobbesiaanse brutaliteit (tans sosiaal- Darwinisme), en is Post-Modernistiese Pragmatisme gereinig hiervan?

6. Die idealisering van wedersydse druk van mens op mens (kompeterende uitnemendheid), die skeeftrekking van prioriteite onthalwe van kompetendheid, en die mislukking van die Kantiaanse ideaal van 'n durende vrede.

6. Die teleologiese beskouing van mens-wees (die mens beskryf in terme van eindhistoriese bestemming) en die implikasies hiervan vir die 'pre-menslike' individuele mens, wat moet ly terwille van toekomstige mens-wees.

*7. Die Moderne geloof dat die staat en/ of die ekonomie, as geheelsomvattende sisteme, die mens ten volle kan beveilig en versorg - die ware **telos** van mens-wees.*

Vir hierdie vertaling is gebruik gemaak van die teks in die *Sämtliche Werke van I. Kant* (hrsgg. von O. Bück et al., Bde 5-6, (*Philosophische Bibliothek*, 46-47), Leipzig: F. Meiner, 1913). Hierdie teks is vergelyk met die *Kant-Studienausgabe* (WBG, Darmstadt, 1960).

Ek het in die vertaalwerk so na as moontlik aan die oorspronklike teks probeer hou sonder om die Afrikaans te veel te verduits. Die gedagte was om die leser ook 'n bietjie vertrouwd te maak met die skryfstyl en daardeurheen die denkstyl van Kant. Daarom het ek sinne opgebreek of omgeskakel slegs waar dit duidelikheidshalwe absoluut nodig was.

Waar ek kan, probeer ek in die lig van omstandighede die -vontsluitingswerk beide in Afrikaans en in Engels doen. Omdat daar reeds 'n goeie vertaling van hierdie opstelle van Kant bestaan, onder die misleidende titel, *Kant, Political writings* (1994), het ek in hierdie geval Afrikaanse vertaling vir die huidige onafhanklik die lig laat sien. Dit sluit nie uit dat in die toekoms hierdie bundel in tweetalige formaat sal verskyn nie.

Vir verwysing in die inleiding het ek die drie essays soos volg afgekort:

WIV: 'n *Beantwoording van die vraag: 'Wat is Verligting?'*

IAG: *Idee vir 'n Algemene Geskiedenis in Wêreldburgerlike Perspektief.*

VAM: *Vermoedelike Aanvang van die Geskiedenis van die Mens.*

Ponti VENTER

Desember 2012